Om die melktande van die geloof te wissel

Teks: Hebreërs 5: 11 - Hebreërs 6: 12
Teksvers: Hebreërs 5: 13 & 14

1. Inleiding

Die frustrasie met iemand nie vorder nie, ten spyte van al die hulp en offerings wat daar gemaak word vir die persoon, is nie onbekend aan ons nie. Baie van u hier teenwoordig vanoggend was betrokke in die onderwys, of het ook werkers onder u gehad wat opgelei moes word. En nog meer van u vanoggend is ook ouers van kinders. Kinders wat u probeer opvoed het, veral in reg en verkeerd.

Hierdie frustrasie is ook duidelik sigbaar in ons teksgedeelte vanoggend. Dit is die frustrasie wat die skrywer van die Hebreërs brief ervaar, ten opsigte van die geloofsgroei van hierdie eerste generasie gelowiges. Of dan eerder die tekort aan geloofsgroei by hierdie eerste generasie gelowiges. Ons kan maklik die skrywer as fyngevoelig en krities teenoor die kerk afmaak. En dan die woorde wat ons vandag bestudeer veilig in ’n ruimte van ’n antieke persoonlike oortuiging laat.

Maar voor ons dit so vinnig doen, moet ons natuurlik besef dat ons besig is met die Woord van die Here. En ons glo en bely dat die Woord in sy geheel opgeteken en veilig bewaar is deur die Heilige Gees, deur die jare vir ons. Sodat ons deur na die Woord te luister tot geloof kan kom en juis daarin kan groei. En daarom moet ons natuurlik baie versigtig wees om die roete van ’n fyngevoelige kritiese benadering te volg. In aanbidding is ons dit aan God verskuldig om in verootmoedig na hierdie moeilike boodskap vanoggend te luister. Want dit is ook juis die manier waarop ons op die geloofsgroei pad gaan vorder.

2. Boublokke wat ontbreek.

Soos ons reeds gesê het, is daar met al met eerste oogopslag die bekommernis oor vorder. Die ontwikkeling op pad van geloofsgroei word aan ons verduidelik in die beeld van ’n kind wat opgroei. Die eerste aspek in hierdie ontwikkeling is dan voeding. Ons ken vandag nog melk as die belangrike element in die voeding van baba’s. Ons weet ook dat die rede waarom, enigiets anders as melk nie gebruik kan word nie, is die feit dat die baba se spysverteringstelsel nog genoeg ontwikkel het nie. Trouens een van hierdie komponente word duidelik genoem in ons tema vandag, melktande.

Maar dit is dan nie net voeding wat aan die beurt kom in die beskrywing van hierdie ontwikkeling van ’n kind nie. Dit is ook besluitneming. Die kennis van goed en kwaad, indien ons dit so kan noem. Ons weet dat ’n baba en kleinkind se verkeerde optrede soms oor die hoof gesien word omdat ons weet dat hulle nog nie besef dat dit verkeerd is nie. Tog word dit gewoonlik nie eenvoudig oor die hoof gesien nie, maar daar word tog gepoog om van die geleentheid ’n onderriggeleentheid te maak.

En hierdie twee komponente is dan presies die sake wat waargeneem word in die geloofslewe van hierdie eerste generasie gelowiges. Hulle onvermoë om vaste kos te kan verteer. Hoe lyk dit prakties vandag. Daar kan verwys word na gelowiges wat werklik die minimuim tyd met die Woord van die Here spandeer. Gelowiges wat nie net hulle gebrek aan kennis, maar juis gebrek aan ywer om daardie kennis te bekom openbaar in gesprekke.

Met betrekking tot reg en verkeerd sien ons dieselfde ingesteldheid. Mense wat voortdurend opsoek is na die een of ander sondelys, en dikwels ook nie kan wag om iemand anders by te kom met daardie selfde sondelys nie. In plaas daarvan om in die geloof te groei tot op ’n punt waar hul self kan bepaal wat reg en verkeerd is. Wat eer en verheerliking aan die Here gaan bring en wat nie?

Wanneer ’n mens hierdie ingesteldheid en optrede bestudeer, kom die gevoel maklik dat iets ontbreek. Die gevoel wat ’n onderwyser of instrukteur ervaar wanneer iemand nie oor die voorvereiste kennis vir die opleiding beskik nie. So asof daar belangrike boublokke ontbreek. Miskien dikwels selfs die gevoel dat die fondament van Christus ontbreek.

3. Nie weg nie, net vergete

Tog wanneer ons die vers bestudeer wat direk op ons teksverse volg sien ons dat die boublok nie ontbreek nie. Die fondament van Christus ontbreek nie. Handelinge 4:12 is immers ook duidelik hieroor: “Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.” Die fondament is dus daar, maar die gelowiges het op ’n manier vasgevang geraak in die skaaf aan hierdie fondament.

Ons teksgedeelte openbaar dan ook duidelik op watter manier gelowiges vasgevang geraak het. Dit gebeur deur besonder baie aandag, tyd en moeite te spandeer op twisvrae. Twisvrae oor dinge wat in 6:2 aan ons geopenbaar word. Dinge soos die doop, handopleging, opstanding van die dooies en die ewige oordeel. Deur voortdurend in twisvrae oor hierdie sake te verval, beweeg ons meer en meer op die gebied van valse leerstellings in, soos 1 Timoteus dit aan ons openbaar.

Uiteindelik word ons soos ’n kind vassit in ’n spesifieke ontwikkelingsfase. Wat oor en oor dieselfde dinge geleer moet word, nie omdat dit boublokke is wat ontbreek nie, maar boublokke is wat vergeet word. Prakties beteken dit om die evangelie heeltyd oor en oor te verduidelik aan gevorderde gelowiges.

op die oog af mag dit dalk lyk of evangelie nie so belangrik is, wanneer ons na 6:1 kyk. Maar dit sal in stryd met die hele res van die skrif wees, en daarom is dit nie waar nie. Trouens juis ook in vers 1 word dit duidelik die fondament genoem. Ons almal weet tog hoe belangrik ’n fondament vir ’n gebou is. Maar ons weet ook dat daar in die bou proses tog juis verder gevorder moet word as die fondament. Die fondament kan nie oor en oor gelê word nie.

Die fondament is belangrik, en dit is belangrik dat die fondament juis reg is. Maar twisvrae rondom dit is nie nodig nie, want die Bybel openbaar die waarhede aangaande die fondament duidelik aan ons. Ons moet nie toelaat dat die bose twyfel oor hierdie vaste sake by ons bring nie.

4. Onmoontlik om die rug te draai.

Laastens kan vers 4 tot 8 ons maklik bang maak, of selfs twyfel in die geloof en redding by ons bring. Tog is die teendeel juis waar. Die teendeel dat u vanoggend hier in die kerk sit, of selfs na hierdie woordverkondiging luister iewers anders. Want dit beteken dat in ’n samelewing en omgewing, waar die so maklik geword het om soos vers 6 sê Christus weer te kruisig en tot ’n bespotting te maak, tree u anders op.

Die rede hiervoor is natuurlik dit wat in vers 5 aan ons geopenbaar word. Ons het al op verskeie geleenthede die goeie woord van God gesmaak. Die Heilige Gees het ook al telkemale binne ons die waarheid en heiligheid van die woord bevestig. En daarom kan ons nooit heeltemal ons rug daarop draai nie. En in die genade, deur die kragtige werking van die Heilige Gees voel ons gedryf om juis nie ons rug daarop te draai nie. Dit is vir die uitverkiesde gelowige uiteindelik onmoontlik om uit die geloof te val. Dit is onmoontlik om die Christus nie as die enigste Verlosser en Saligmaker te erken wanneer die Gees in ons werk nie.

Maar die res van die pad moet ook gestap word. Ons kan nie ’n saailand bly wat net dorings en distels oplewer nie. Ons moet nuttige plante voortbring. Dit is hierin wat die volgende saak van geloofsgroei duidelik aan ons geopenbaar word. Alreeds in vers 12 word die goeie vrugte aan ons geopenbaar. Ons moes alreeds elkeen self onderrig gegee het in die woord van God. Met ander woorde ons moes alreeds besig gewees het om die evangelie te verkondig.

Dit is uiteindelik ware geloofsgroei, om die fokus meer en meer van myself af te haal en te draai na God die hemelse Vader en ook na my broer en suster toe. Is ons in hierdie opsig besig om die liefde van die Here te vergeet, of gaan bewys ons dit aan ander mense om ons.

5. Slot

Ons kan laastens prakties afsluit. Prakties deur ons self te gaan meet aan die sake wat geopenbaar aan ons vanoggend. Want deur ons self op hierdie manier te meet kan ons ook bepaal waar ons trek op die pad van geloofsgroei, of selfs meer belangrik of ons steeds vorder op die pad van geloofsgroei. Kom ons begin van die einde af na die begin.

Is ek vandag bereid om oor die geloof met my broer en suster in die gemeenskap van gelowiges te praat? En dan die meer direkte

vraag doen ek dit? Indien my antwoord op hierdie twee vrae nee is, kan ons vra hoekom? Voel ons miskien dat daar kennis oor geloof ontbreek? En dan is die vraag of ons bereid is om ywer aan die dag te lê om daardie kennis te bekom? Gaan ons aansluit by ’n bybelstudie groep, of meer moeite met persoonlike skrifstudie doen?

Indien my antwoord is dat wel bereid is, en selfs gereeld met my broer en suster oor geloof praat, is die vraag hoe doen ek dit. Staan ek gereed met my sondelysie om my broer en suster vinnig aan te spreek of tereg te wys. Plaas ek graag gewentesbindings op my broer en suster in die geloof? Of is my doel om werklik my broer en suster in die geloof te help bou op die ware fondament?

Laastens is die vraag natuurlik hoe gaan ek om met die fondament, die verlossing in ons Here Jesus Christus alleen. Probeer ek hierdie waarheid buig om nie so vreemd te lyk nie in ’n sekulêre wêreld vandag. Want indien ek daarmee besig is, skep ek die teëlaarde vir al die sinelose strydvrae.

Uiteindelik moet ons verby die melk beweeg en vaste kos begin inneem, want anders is ons nie die saailand wat goeie vrugte dra nie. Dit was eintlik al lankal tyd dat ons die melktande van die geloof wissel.

Amen